Finansies 1

Louis Du Piesanie 20/10/2019

1. SKATKIS BEGINSEL

1.1. ‘n Goeie manier om die beginsel te illustreer is deur te verwys na ‘n storie in die Bybel.

Matteus 13:44 (Die Boodskap) “Luister ook hierna. Om God as jou Here te hê is so spesiaal dat dit vergelyk kan word met ’n skat. Die skat het in die veld gelê. Toevallig ontdek iemand dit toe eendag, maar hy kon dit nie vat nie omdat dit nie sy grond was nie. Hy maak die skat toe weer mooi toe. Hy was so opgewonde daaroor dat hy al sy besittings gaan verkoop het. Met die geld het hy toe daardie stuk grond gaan koop”

1.2. Messianse gelowiges (Jode wat Jesus as verlosser aanneem) glo dat hierdie man Jesus is wat ons, die skat, ontdek en dat Hy alles opgegee het om die hele veld te koop wat die aarde verteenwoordig.

1.3. In engels sê dit hy het dit met “joy” gedoen.

1.4. Hebreërs 12:2 sê Jesus het gely op die kruis vir die blydskap wat hy ervaar omdat ons weer deel kan wees van ons hemelse familie.

1.5. Ons interpreteer die storie anders, maar dis net so relevant. Ons glo dat wanneer iemand die boodskap van verlossing hoor is hulle so opgewonde dat hulle alles sal opgee om dit te kry.

1.6. Ons lees in die Woord dat ons ou self saam met Jesus gekruisig word wanneer ons gered raak. Dit beteken ons gee ons reg op alles op. As ons Jesus se voorbeeld wil volg beteken dit ons doen dit met opgewondenheid.

1.7. Prakties sê die skrif dat ons iets gevind het in verlossing wat soveel meer werd is as enige iets wat ons besit.

Matteus 6:19-21 (Die Boodskap) “Hou op om van die oggend tot die aand agter geld aan te hardloop. Niks hou hier vir altyd nie. Diewe breek oral in en steel, motte en goggas vreet alles op en ouderdom laat dinge vergaan. Maak eerder vir julle ’n bankrekening daar by God in die hemel oop. Geen dief kan ooit daar inbreek om iets te probeer steel nie. “Die dinge waarmee jy jou van vroeg tot laat besig hou, sê wat die belangrikste in jou lewe is. Jou lewe wys waar jy jou ‘rekening’ oopgemaak het.”

2. GOD BESIT ALLES, EK IS SY FONDSBESTUURDER

2.1. 'n Rentmeester of Voorsitter bestuur die bates van die eienaar, tot voordeel van die eienaar. Die rentmeester dra nie enigge gevoel van eie geregtig (entitlement) teenoor die bates wat hy bestuur nie. Dit is sy werk om uit te vind wat die eienaar met sy bates wil doen, en om dan sy wil uit te voer.

2.2. Ons is eintlik besig om God se geld uit te gee, vir dit waarvoor God dit bedoel het, en dit behoort vir ons baie vreugde te gee.

2.3. Die liefde van geld kan ons keer om die genot te erfaar wat kom wanneer ons gee.

Mattheus 6:24 (AFR83) "Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie."

2.4. Die aanbidding van mammon kan op verskillende maniere gesien word in ons lewens. Dit is nie altyd deur 'n voortdurende begeerte na meer geld nie. As ons afgunstig is op ander se rykdom, angstig is oor moontlike onvervulde behoeftes, ongehoorsaam is aan die riglyne wat God vir ons gee oor die gebruik van rykdom, of ons vertrou nie God se liefde en getrouheid nie, is ons denke uit balans uit wanneer dit kom by die hantering van welvaart.

2.5. 'n Goeie vraag wat ons vir onsself op 'n gereelde basis kan afvrae is – "Dit is nie hoeveel van my geld ek vir God gee nie – maar eerder, hoeveel van God se geld hou ek vir myself? "

3. VREUGDE

3.1. Wanneer 'n mens God se finansies aanwend soos wat Hy dit wil doen, is daar enorme vreugde wat daarin lê.

2 Korinthieers 9:7 (AFR33) "want God het 'n blymoedige gewer lief."

3.2. Dit is egter wel so dat baie van die kere wanneer ons belê in God se Koningkryk, kom die blydskap eers tydens en nadat jy die daad van gehoorsaamheid gedoen het. So moenie wag totdat jy 'n gevoel kry nie. Ons bou nie ons christen lewens op gevoel nie. Doen wat reg is, die gevoel kom later.

3.3. Die Macedoniese Christene het verstaan wat dit beteken dat daar vreugde is deur te gee.

2 Korintiërs 8:2 (AFR83) "Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig; en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid."

4. GUNS

4.1. God gebruik die konsep van GEE om ons nader na Sy beeld toe te bring (to conform us to His image). Kyk lank genoeg na Christus en jy sal al hoe meer 'n persoon wat gee word. Gee lank genoeg, en jy sal al hoe meer soos Christus word.

2 Korintiërs 8:1 "Broers, ons wil hê julle moet weet van die genade wat die gemeentes in Masedonië van God ontvang het."

2 Korintiërs 8:1 “Julle ken die genade/guns van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word.”

5. OË OP DIE EWIGHEID

Matteus 16:27 (Boodskap) “Ek, die Seun van die mens, sal binnekort met my engele terugkeer na die wêreld toe. Al die Goddelike heerlikheid van my Vader sal My op daardie dag omring. Dan gaan Ek elke mens se beloning vir hom uitdeel. Ek gaan kyk hoe almal geleef het en vir elkeen gee wat hy verdien. “

Matteus 10:42 (AFR83) “Wie aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sál sy beloning kry. Dit verseker Ek julle.”

Lukas 16:11 (AFR83) “As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?”

Gesprek Gids

OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK

1. Glo jy dat jou inkomste aan jou behoort of glo jy dat dit aan God behoort?
2. Sukkel jy soms met die liefde van geld (Mammon aanbidding) soos verduidelik in punt 2.4?
3. Het jy al ooi genot gevind in gee?